



Bou ons kinders vir môre

Godsdiensonderrig 2

Lestitel: Die apostels van Jesus Christus

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Die apostels van Jesus Christus**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSH5
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Die apostels van Jesus Christus
Bybelwoord	Lukas 6: 12-16; Handeling 1: 25-26; Handeling 13: 1-4; Handeling 14:14; Romeine 16: 7 en Galasiërs 1:19
Lesdoelwit	Die kinders herken die apostels as gesante (ambassadeurs) van Jesus Christus.

Lesopsomming:

- Apostel beteken ambassadeur of gesant, dit wil sê die een wat gestuur word.
- Jesus het self die eerste twaalf apostels vanuit sy dissipels (volgelingen) aangestel. Lees Lukas 6: 12-16 om uit te vind wat hulle name is.
- Ná Christus se hemelvaart, is Matthias aangestel om Judas Iskariot, die verraaier wat homself om die lewe gebring het, te vervang.
- Jesus is deur sy Vader die wêreld ingestuur en voordat Hy na sy Vader teruggekeer het, het Hy die apostels na die mense uitgestuur om Hom te verteenwoordig.
- Die Here Jesus het die apostels die opdrag gegee, om die mensdom deur middel van woord en sakrament na God te lei. Lees Mattheus 28: 18-20.
- Die verantwoordelikhede van die apostels is soos volg:
 - As gesante vir Christus verkondig hulle die evangelie van die verlossing deur Jesus Christus.
 - As diensknegte van Christus dien hulle Jesus en sy gemeente.
 - As rentmeesters van Christus is hulle verantwoordelik vir die behoorlike verkondiging van die evangelie en die bediening van die sakramente.
 - Hulle stel hulself beskikbaar en wy hulle toe aan die bediening van die woord en het die gesag om vergifnis van sondes uit te spreek.
 - Hulle versamel die bruidsgemeente (ons) en berei hulle voor op die wederkoms van Jesus Christus.
- Apostels is ter wille van hulle geloof doodgemaak, hulle is martelaars genoem en die apostel Jakobus was die eerste apostel wat as martelaar gesterf het.
- Nadat al die apostels van die eerste kerk gesterf het, het opsieners en ander ampsdraers die gemeentes versorg en die evangelie van Jesus bly versprei.



- Daar was vir baie eeue geen aktiewe apostels nie totdat John Bate Cardale in 1832 in Engeland deur profesie geroep is om die eerste apostel van die eindtyd te wees.
- Vandag is daar meer as 400 apostels regoor die wêreld in die Nuwe Apostoliese Kerk werksaam, en hul werk vandag bly dieselfde as in die eerste kerk.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Jesus het die eerste twaalf apostels uit sy dissipels gekies en hulle die wêreld ingestuur met die opdrag en die gesag om die mensdom deur middel van woord en sakrament na God te lei.
- Ons apostels van vandag het ook dieselfde opdrag en gesag om ons na God te lei deur die woord tydens godsdienste en sakramente (Heilige Doop, Heilige Verseëling en Heilige Nagmaal) tot ons beskikking.
- Apostels is ambassadeurs, diensknegte en rentmeesters vir God en Jesus.
- Hulle preek oor die verlossingsplan van God en het die gesag om vergifnis van sondes uit te spreek.
- Apostels bied aan ons pastorale sorg en berei gemeentes aktief voor op die wederkoms van Jesus Christus.

Ten slotte, liewe kinders, word apostels bemaagtig om te:

- versoen, dit wil sê om God se kinders met mekaar te verenig.
- leer oor God se genade, die Heilige Gees, geregtigheid(eerlikheid) en God se woord en weë.
- Ons apostels oor die hele wêreld het 'n groot verantwoordelikheid en daarom moet ons altyd bid dat God hulle krag, leiding en kennis sal gee om hul groot taak te vervul.

Doen oefening 1 en 2 saam met u kind.



Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Hoeveel apostels het Jesus vanuit sy dissipels aangestel?

Antwoord: Twaalf Apostels

2. Wat is die betekenis van die woord “apostel”?

Antwoord: Apostels beteken ambassadeur of gesant, wat beteken die een wat gestuur word.

3. Noem die name van enige vier van die twaalf apostels wat Jesus aangestel het?

Antwoord: Hulle kan enige vier uit Lukas 6: 14-16 noem

4. Wie is aangestel as 'n apostel ter vervanging van Judas Iskariot, die verraaier?

Antwoord: Matthias

5. Wie was die eerste apostel wat as martelaar gesterf het?

Antwoord: Apostel Jakobus

6. Wie is geroep om die eerste apostel van die eindtyd te wees en in watter jaar?

Antwoord: John Bate Cardale in 1832

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen